# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 39 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# NASIENRIGLYNE

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. ('n Kandidaat mag nie die literêre vraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al twee die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een literêre vraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is korrek, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nommers op die nasienriglyn nagesien.

6. Taalfoute in antwoorde van kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien die spelling die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit as verkeerd aangedui. Indien die spelling nie die betekenis beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.

7. Literêre opstel:
   Indien die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself ten opsigte van inhoud gepenaliseer het. Indien die opstel te lank is, word dit op meriete geassesseer en met die senior nasiener bespreek. Die memorandum is slegs 'n riglyn; daarom moet ander relevante feite ook as korrek aanvaar word. Gebruik die aangehegte rubrieke as riglyn vir die nasien van die literêre opstelle.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. By antwoorde van oop vrae word geen punt(e) toegeken vir JA/NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE / WAAR/ONWAAR / FEIT/MENING. Die geldige rede/motivering bepaal hier die toekenning van die punt al dan nie.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

***Elegie vir 'n vriend* – Johan Steyn**

Gebruik die rubriek op bladsy 38 vir die nasien van VRAAG 1.

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| Kandidate gee eie inleidingsparagraaf. | | |
| • | Die spreker was baie lief vir die oorledene, | want die elegie is emosioneel en rou selfs in die herinneringe van daaglikse aktiwiteite. |
| • | Die spreker voel 'n leemte ná die afsterwe van die vriend, | want die beeldspraak wys die daaglikse stryd ná die verlies van die vriend. |
| • | Die gebruik van die woorde *gelate glimlag* toon die tweestryd in die spreker, | want dit dui op weemoed en die wete dat berusting al is wat gaan help. |
| • | Die spreker is eensaam en mis die teenwoordigheid van die vriend, | want sy/haar kos staan en koud word asof die spreker vir iemand wag. / want die mes en vurk dui aan dat die tafel nou te groot is vir net een persoon. |
| • | Die spreker geniet nie meer die aktiwiteite wat hulle saam gedoen het nie, | want die musiek word 'n siellose geraas. / want die kraffie wyn staan nog onaangeraak. |
| • | Die spreker sien nie meer uit na die toekoms nie, | want elke dag breek verbleik en kleurlose aan. |
| • | Die dae is te lank vir die spreker / Tyd staan vir die spreker stil, | want die tyd beweeg nie na die volgende uur nie / die klok slaan nie die uur nie. |
| Kandidate gee eie slotparagraaf. | | |
| | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 2: LITERÊRE OPSTEL

### *Susan Boyle* – T.T. Cloete

Gebruik die rubriek op bladsy 38 vir die nasien van VRAAG 2.

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| Kandidate gee eie inleidingsparagraaf. | | |
| • | Die eerste reëls beklemtoon Susan Boyle se gewone status, | want sy is net nog ’n inskrywing, 43212, wat daar staan. |
| • | Sy is onopvallend, | want sy word met al die ander skape vergelyk en word bloot een van die trop. |
| • | Sy verskyn op die verhoog sonder enige spesiale aandag of verwagtinge, | want sy word aangejaag soos ’n skaap. |
| • | Sy word uitgebeeld as ’n slagoffer, | want sy kom te staan teen die “Pilatusse” van die vermaaklikheidswêreld wat haar kan red of breek/oordeel. |
| • | Sy het ‘n nederige en onopvallende uiterlike verskyning, | want sy word beskryf as miserabel vaal. |
| • | Haar voorkoms word ’n voorwerp van spot gemaak, | want haar wenkbrou vergelyk met ’n monobrou. |
| • | Sy wen die gehoor oor met die eerste woorde van haar lied, | want haar talent oorweldig die aanvanklike vooroordele en sy verander die persepsie van die skare en kykers regoor die wêreld. |
| • | Sy verrig die onmoontlike, | want haar triomf oor vooroordeel en haar sukses word uitgebeeld as ’n wonderwerk vanuit “vernederende vooroordeel” wat miljoene mense in ongeloof laat. |
| • | Sy transformeer van ’n gewone persoon na 'n wêreldbekende kunstenaar, | want die laaste reëls beskryf hoe sy haar jare se geslypte talent aan die wêreld skenk. |
| • | Anonimiteit word deur die gebruik van die deelnemer se nommer beklemtoon, | want al die deelnemers is net nog ’n nommer in ’n see van deelnemers. |
| • | ’n Gewone persoon word dikwels onderskat en geminag, | want hulle word op grond van uiterlike voorkoms en eerste indrukke beoordeel. |
| • | Die spot en skeptisisme wat vervang word deur verwondering is nie vir almal beskore nie, | want slegs ’n uitsonderlike talent sal die vooroordeel vernietig en nie almal het hierdie spesiale talent om hulle voorkoms en eerste indrukke te laat verdwyn nie. |
| Kandidate gee eie slotparagraaf. | | |
| | | **[10]** |

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

***My mamma is bossies* – Jeanne Goosen**

| | | PUNT | *Barrett* |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Iemand wat mal/kranksinnig/versteurd is. ✓<br>Eksentriek/interessant/anders ✓<br>[Die antwoorde moet óf duidelik aantoon by watter deel van die vraag elk pas met behulp van nommers óf in volgorde soos ’n stapelvraag beantwoord wees.] | 2 | *V3/4* |
| 3.2 | Sensitiwiteit / sagtheid teenoor streng / kwaai ✓<br>[Of soortgelyk]<br>[Beide karaktereienskappe vir EEN punt] | 1 | *V3* |
| 3.3 | Puccini ✓<br>Sy sing snags ’n ou wiegelied vir die spreker. ✓<br>[Die antwoorde moet óf duidelik aantoon by watter deel van die vraag elk pas met behulp van nommers óf in volgorde soos ’n stapelvraag beantwoord wees.] | 2 | *V1/4* |
| 3.4.1 | Denotatief: sy pak speelkaarte uit op die tafel. ✓<br>Konnotatief: sy wys ’n deel van haar wat gewoonllik weggesteek is. ✓<br>Sy *lees* kaarte / tarotkaarte uitpak / voorspel toekoms met kaarte. ✓ | 3 | *V3* |
| 3.4.2 | agterstevoorkind ✓ | 1 | *V1* |
| 3.5 | Leerder se eie antwoord<br>[Nee is foutief.]<br>Ja, want sy maak die spreker saans met sagte woorde kalm. / want die spreker verwonder haar aan hoe mooi haar ma is. ✓<br>[Of soortgelyk] | 1 | *V5* |
| | | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***as dit reën in boesmanland* – Elias P. Nel**

| | | **PUNT** | ***Barrett*** |
|---|---|---|---|
| 4.1.1 | as ✓ | 1 | *V1* |
| 4.1.2 | heldergroen blare ✓ met pienk blomme ✓ | 2 | *V2* |
| 4.2 | alliterasie ✓<br>Die herhaling van die w-klank beklemtoon die beweging van die gras in die wind. ✓<br>[Indien die stylfiguur foutief benoem is, is die bespreking outomaties foutief.] | 2 | *V1/3* |
| 4.3 | Die ellips dui ’n wending/verandering in die gedig aan. ✓<br><br>Begroet gee die idee van opgewondenheid, maar vaal roukleinsteen huisies dui op die teneergedruktheid. / Begroet wys op samesyn, maar vaal roukleinsteen huisies skep ’n eensame beeld. ✓<br><br>Verwondering/opgewondenheid/ekstase/bewondering teenoor verlatenheid/teleurstelling/eensaamheid. ✓<br>[Of soortgelyk] | 3 | *V3* |
| 4.4 | Die suksesvolle gebruik van kontras in hierdie gedig help om die leser bewus te maak van die skerp verskil in die reaksie op reën tussen die natuur en die mensdom / dat die reën ’n wesenlike impak op die natuur en die lewe daarin het bv. “verslete vaalswart jas” teenoor “donkergroen pels”, maar geen verligting vir die mensdom se omstandighede kan bring nie bv. “blommotief” teenoor “vaal”.✓ ✓<br>[EEN punt vir die kontras en EEN punt vir die voorbeelde aan elke kant]<br>[Of soortgelyk] | 2 | *V4* |
| | | | **[10]** |

**OF**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

***27 april 1994* – Vincent Oliphant**

| | | PUNT | *Barrett* |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Dit is die eerste dag in die Suid-Afrikaanse geskiedenis waarop elke persoon van enige kleure en ras kon stem. / Die dag waarop Suid-Afrika 'n demokrasie geword het / Eerste keer toe almal in Suid-Afrika kon stem. ✓<br>[Enige EEN of soortgelyk] | 1 | *V1* |
| 5.2 | Alleenplasing ✓<br>Dit beklemtoon die vryheid wat op 27 April 1994 ervaar is / die vryheid waarvoor so lank gewag is / die vryheid om te stem. ✓<br>[Enige EEN of soortgelyk] | 2 | *V3* |
| 5.3 | Denotatief: die stembrief / die stemmery ✓<br>Konnotatief: die reg om gehoor te word ✓<br>[Die antwoord moet óf in volgorde gegee word, óf in sinne/frases waarin die woorde Denotatief en Konnotatief verskyn.] | 2 | *V3* |
| 5.4 | Almal/Suid-Afrikaners/Mensdom ✓<br>[Aanvaar *die/'n* by bogenoemde antwoorde.]<br>[*Alle mense* is egter TWEE woorde en verkry nie die punt nie.] | 1 | *V2* |
| 5.5 | Dit beklemtoon die vryheid wat ervaar word. ✓ | 1 | *V4* |
| 5.6 | Dit is gepas, want dit dui op die verhouding tussen *jou en my*. / want dit dui op twee persone / twee hande wat mekaar groet. ✓<br>[Of soortgelyk – die verwysing na TWEE is belangrik.] | 1 | *V1* |
| 5.7 | Genesis ✓ Genesis beteken *die begin* en hierdie datum wys op 'n nuwe begin vir almal / die begin van iets nuuts. ✓<br>[Enige EEN of soortgelyk] | 2 | *V5* |
| | | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

***Die bokser*** **– Ernst van Heerden**

| | | PUNT | *Barrett* |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Dit verwys na elke mens se geveg om te bly leef. ✓ | 1 | *V2* |
| 6.2 | Wit bors teen wit bors / skim teen skim ✓ | 1 | *V1* |
| 6.3 | knak/weerloos ✓ | 1 | *V1* |
| 6.4 | "grense van die klein kryt" ✓ | 1 | *V2* |
| 6.5 | Die dood word as *dié man* uitgebeeld ✓ wat die mens se teenstander in die geveg is / wat altyd die geveg sal wen / wat die mens aftakel/knak/breek.✓ | 2 | *V3* |
| 6.6 | Denotatief: die bokser is flou/bewusteloos/uitgeslaan. / Die arena se ligte gaan af, want die geveg is klaar. ✓<br>Konnotatief: die bokser sterf / gaan dood. ✓<br>[Die antwoord moet óf in volgorde gegee word, óf in sinne/frases waarin die woorde Denotatief en Konnotatief verskyn.] | 2 | *V3* |
| 6.7 | In hierdie reëls vertel van die geveg met skynhoue wat nie seermaak nie / 'n mokerslag wat meer aggressief is / eindig met die bokser wat uitgeslaan is. ✓ Dit beeld hoe die mens al hoe swakker word en die dood uiteindelik die geveg wen. ✓ | 2 | *V4* |
| | | | **[10]** |

**EN**

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

## VERPLIGTE GEDIG

**By gebrek aan ’n tuin – Theunis C.C. Lombard**

| | | PUNT | *Barrett* |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Die spreker bly in ’n woonstel. ✓ | 1 | *V2* |
| 7.2 | Dit dui op die ewige / aanhoudende verandering / volgorde / beweging van die verkeersrobot se ligte. ✓ | 1 | *V3* |
| 7.3 | Kantoordrama / Telefone wat nie ophou lui nie / Telefoongesprekke met histeriese/woedende kliënte ✓ | 1 | *V2* |
| 7.4 | Die verandering van *my dae*, na *dae* na *en dae* dui op die eentonige / vervelige / aanhoudende verloop van die spreker se dae / daaglikse lewe. | 1 | *V4* |
| 7.5 | Die stemming van strofes 2 tot 6 is gejaagdheid/spanning/ontevredenheid terwyl die stemming van strofe 7 ’n stemming van tevredenheid/aanvaarding/hoop/vrede uitlig. ✓ [Beide kante van die verskil vir EEn punt.]<br>Ellips ✓ | 2 | *V3* |
| 7.6 | Die spreker bid vir sterre in die nag ✓ en ’n windjie wat by die venster inwaai. ✓<br>Amen. ✓ | 3 | *V1/2* |
| 7.7 | Leerder se eie antwoord<br>Ja, die sterre en die windjie sal voel asof ek wel ’n tuin het. ✓<br>OF<br>Nee, ek hou nie van oop vensters nie, so sterre en wind maak my nie gelukkig nie. ✓<br>[Of soortgelyk – die antwoord moet verwys na waarvoor die spreker gebid het.] | 1 | *V5* |
| | | | **[10]** |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: [30]** |

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING B: ROMAN

## VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL

***Skoenlapper* – Irma Venter**

Gebruik die rubriek op bladsy 39 vir die nasien van VRAAG 8.

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/ sinvolle/ insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| | | |
| • | Ranna gooi die foon teen die muur stukkend ná sy ’n oproep van ’n vreemde nommer kry, | want sy is onvoorspelbaar/impulsief. |
| • | Ranna gooi Billy met ’n blompot, | want sy is net so temperamenteel/humeurig/ wispelturig/opvlieënd as Billy. |
| • | Billy steek Ranna met ’n kaasmes in die skouer tydens ’n woordewisseling, | want hy is baie jaloers/temperamenteel/ humeurig/wispelturig/opvlieënd. |
| • | Hamisi pleit ernstig by Ranna dat sy met hom moet praat, | want hy veg verbete om Billy se moord op te los / is vasberade / want hy hou nie van raaisels nie. |
| • | Hamisi en Ranna argumenteer in haar woonstel, | want sy is swygsaam oor wat met Billy gebeur het / sy wantrou Hamisi. |
| • | Alex en Ranna argumenteer wanneer sy bebloed by Hardings opdaag en weier om ’n verduideliking te gee, | want sy is ontwykend/geheimsinnig/misterieus/steek haar emosies weg. |
| • | Alex en Ranna het woorde wanneer hy aanhou om vrae oor haar verlede aan haar te stel, | want hy is hardkoppig / wil antwoorde hê. |
| • | Alex is kwaad vir Ranna omdat sy hom nie van haar en Billy se verhouding gesê het nie, | want hy het ’n onbeheerste “behoefte om te weet”. |
| • | Alex het as jong man sy pa geslaan nadat dié sy ma aangerand het, | want hy was beskermend teenoor sy ma / hy tree ridderlik op. |
| • | Alex se pa / Francois en Ranna baklei op die stoep, | want hy raak opdringerig / dring homself aan Ranna op. |
| • | Alex se pa / Francois klap Ranna deur die gesig, | want hy is ’n ongure/buffelagtige man. |
| • | ’n Struweling tussen Ranna en Tom vind in haar woonstel plaas as hy homself aan haar opdring, | want hy het ’n onderduimse/agterbakse geaardheid. |

© SACAI KOPIEREG

| | | |
|---|---|---|
| • | Ranna word deur Tom (aanvanklik 'n onbekende persoon) in haar woonstel aangeval, | want Tom se boosheid/wrewel/haat/valsheid begin die oorhand kry. |
| • | Alex, Ranna en Tom baklei op die plaas in die studeerkamer, | want Tom is 'n wraakgierige agtervolger wat Ranna vir sy pa se dood blameer. |
| • | Alex se ma dreig om Alex te skiet as hy sy hand vir Ranna lig, | want sy wil niemand anders in dieselfde situasie as sy hê nie. / want sy sal nie toelaat dat Alex sy vrou hanteer soos sy pa haar hanteer nie. / want sy is sterker as wat sy voorkom. |
| • | Ranna steek Tom dood met sy eie mes, | want haar innerlike krag/dapperheid/braafheid kom in dié noodsituasie na vore. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **[25]** |

**OF**

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

***Skoenlapper* – Irma Venter**

| | | PUNT | Barrett |
|---|---|---|---|
| 9.1 | Ná die inbraak pla iets omtrent Ranna se voordeur haar / voel iets nie reg nie, maar sy weet nie wat nie. ✓<br>Later besef sy dat alhoewel Tom nie geweet het waar sy bly nie, hy presies geweet het hoe om daar te kom toe hy haar kom aflaai het. ✓<br>Tom het ook die regte sleutel geken om die deur oop te sluit. ✓<br>Ranna besef Tom was die inbreker en ook haar agtervolger. ✓<br>[Enige DRIE]<br>[Die kandidaat moet ’n konnotasie tussen die deur en die foto’s duidelik verbind met die ontknoping van die verhaal.] | 3 | *V3* |
| 9.2 | Ranna maak bobotie wat ’n tradisionele Suid-Afrikaanse gereg is. / Die tatoeëermerk wat Ranna op haar lyf het, is ’n aanhaling van ’n Suid-Afrikaanse digter. ✓ | 1 | *V3* |
| 9.3 | Ranna se agtervolger het by haar woonstel ingebreek. ✓ Sy besef sy self is nie meer veilig nie / en dat sy moet weggaan. ✓ | 2 | *V2* |
| 9.4 | Tydsverloop / tyd wat verby is / tyd wat verbygaan | 1 | *V4* |
| 9.5 | Deur haar (Ranna) se eie, direkte woorde (dialoog). ✓ | 1 | *V3* |
| 9.6.1 | Sy wonder wie haar agtervolger kan wees. / Sy voel skuldig / is bekommerd oor die mans wat as gevolg van haar vermoor is. ✓ | 1 | *V2* |
| 9.6.2 | Sy is nie meer bang nie / sy voel sy het ’n plan / sy voel sy het weer beheer oor haar lewe. / Sy is nie meer onseker oor wie die agtervolger is nie. ✓ | 1 | *V2* |
| 9.7 | Ranna praat/dink in kort/kortaf/kriptiese sinne. ✓<br>Dit klink geheimsinnig / skep spanning. ✓ | 2 | *V2/3* |
| 9.8 | Sy was kwaad omdat Alex oor Billy begin praat het / geïmpliseer het dat Ranna vir Billy vermoor het. ✓ Sy het in haar woede die glas in haar hand stukkend gedruk. ✓ | 2 | *V2* |
| 9.9 | Die plaaswerkers se kinders kom kuier by Alex se ma, maar geen vriende van haar eie portuur kom ooit by haar kuier nie. ✓<br>[Kontras moet duidelik na vore kom.] | 1 | *V3* |
| 9.10 | Ek-verteller/eerstepersoonsverteller ✓<br>Die tipe verteller is **subjektief** / sien dinge slegs uit sy/haar oogpunt./ Verteller is gebonde aan tyd en ruimte. ✓ | 2 | *V2* |
| 9.11 | A. stram ✓ | 1 | *V3* |
| 9.12 | Alex hou nie daarvan om oor die mishandeling te praat nie, hy hou van stilte. ✓<br>Hy vertrou Ranna nou meer as tevore. / Hy weet dat sy dieselfde dinge deurgegaan het. ✓ | 1 | *V4* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.13 | Kandidaat se eie opinie, byvoorbeeld:<br>Ja, want al manier hoe 'n mens wegkom van 'n vroueslaner is om hom te los ✓, en daar is instansies wat kan help. ✓<br>OF<br>Nee, baie vroue is nie in 'n (finansiële) posisie waar hulle net hulle man kan los en oor kan begin nie. ✓ Vroue word emosioneel mishandel en vind dit moeilik om die man te verlaat. ✓ | 2 | *V2* |
| 9.14 | Ranna het vir Tom doodgesteek/doodgemaak nadat hy vir haar en Alex aangeval het. ✓<br><br>Kandidaat se eie opinie:<br>Ja, want hulle het hulleself verdedig. ✓<br>OF<br>Nee, want om iemand dood te maak is nooit die regte ding om te doen nie. ✓<br><br>Kandidaat se eie opinie:<br>Ja. Tom het vir jare Ranna se lewe hel gemaak en het daarom verdien om te sterf. ✓<br>OF<br>Nee. Ek sou Tom nie doodgemaak het nie, maar hom net buite aksie gestel het en dan die polisie geskakel het. ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 | *V1/V5* |
| | | | **[25]** |

## VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL

***Donker web* – Fanie Viljoen**

Gebruik die rubriek op bladsy 39 vir die nasien van VRAAG 10.

| | | |
|---|---|---|
| **Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/ sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie.** | | |
| Konflik speel ’n integrale rol in enige roman. Skryf ’n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy die innerlike en uiterlike konflik van Oom Dirk, Plank, Xander en Tom, asook die effek wat hierdie konflikte op Greg gehad het, bespreek.<br>*Neem kennis dat die innerlike en uiterlike konflik nie apart bespreek hoef te word nie en dat sommige punte beide konflikte gelyk kan aanspreek.* | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| • | Xander is getraumatiseer en het wraak teenoor Greg se familie gesweer, | want hy het jare gelede gesien hoe sy pa geslaan, ontvoer word en later moes hy hoor dat sy pa vermoor is. Hierdie wraak het veroorsaak dat Greg sy eie trauma beleef. |
| • | Oom Dirk is geskok en ontsteld omdat sy dogter met Plank bevriend raak, | want oom Dirk het Greg herken en glo dat Greg sy dogter by sy moeilikheid sal intrek. Greg probeer anoniem bly omdat hy sleg voel oor wat mense van hom dink. Oom Dirk se reaksie het hierdie gevoel in Greg versterk. |
| • | Plank is magteloos teen Oom Dirk wat sy dogter in die motor laai om haar van Plank weg te kry, | want hy is verlief en het nie gedink dat sy assosiasie met Greg ’n probleem sou wees nie. Greg se skuldgevoel groei. |
| • | Plank is verslae en geskok, | want hy verstaan nie hoekom oom Dirk vir Lisa so kwaad weggevat het nie.<br>Greg ervaar weer die verwerping van die afgelope jaar en weet dat sy lewe gebroke is. |
| • | Plank voel depressief, | want Lisa het hom nog nie weer ná die insident gekontak nie.<br>Greg sien dat Plank nie die skuld op hom pak nie en besef dat Plank ’n beter mens as hy is. |
| • | Plank is gefrustreerd met Greg, | want Greg sukkel om te aanvaar dat sy pa werklik tronk toe gaan.<br>Greg besluit in hierdie gesprek dat hy wel iets kan probeer doen en besluit om die Baker te soek. |
| • | Plank is bekommerd oor Greg, | want hy sien ’n vreemde vrou wat oor Greg uitvra en later besef hy dat iemand Greg se woonstel dophou. Greg wonder nog op hierdie stadium of hy die regte ding doen deur die Baker te soek. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Plank is gefrustreerd met Greg en raas met hom oor die vreemde pakkie wat by Greg afgelewer is, | want hy weet dadelik dat Greg weer by die Project Nursery Rhyme betrokke is.<br>Greg se nuuskierigheid en opgewondenheid vervang die gevoel van onsekerheid. |
| • | Tom, Xander se medepligtige, konfronteer Greg in ’n ou verlate kerk, | want Tom is gestuur om vir Greg te laat weet dat Xander hom nie gaan help om die Baker te soek nie. |
| • | Tom is sarkasties en dreigend, | want Greg probeer uitdagend wees.<br>Greg besef dat hy nie so braaf is wat hy voorgee nie en dat Xander weer die laaste woord ingekry het. |
| • | Tom beskuldig Greg daarvan dat hy soos sy pa is, | want Tom glo dat Greg vir Xander met geld probeer omkoop om hom te help.<br>Greg voel hopeloos toe Tom omdraai en wegstap – weer is hy op sy eie. |
| • | Tom se lyk word in die rivier ontdek, | want hy is vermoor en Greg weet dadelik dat hy in gevaar is. |
| • | Oom Dirk konfronteer Greg by ’n kafee en hy is vasberade om reguit antwoorde uit Greg te kry, | want hy is ’n oud-polisieman en weet met watter tipe mense Greg deurmekaar gaan raak.<br>Greg probeer *hardegat* wees, maar besef gou dat oom Dirk nie nonsens vat nie en regtig na hom luister. |
| • | Xander weier tot Greg se ergernis om hom te help as hy nie die “transponder” in sy hand sit nie, | want hy vertrou Greg nog nie heeltemal nie.<br>Greg besluit om Xander te bedrieg met die gedokterde foto en daardeur regverdig hy Xander se wantroue in hom. |
| • | In Turkye besef Xander dat Greg nie die transponder in sy hand het nie en hy stik van die woede en loop weg, | want hy besef weereens dat hy Greg nie kan vertrou nie. |
| • | Xander skree op Plank en slaan hom amper, | want Plank se geselsies met ’n vreemde het die groepie in gevaar gesit omdat die Baker nou weet waar hulle is. |
| • | Plank is geskok, bleek en het trane in sy oë, | want Greg het gekies om saam met Xander te gaan en Plank in Turkye te los.<br>Greg haat homself, want hy verstaan hoe dit voel om nie die gekose een te wees nie en ken die vernedering wat daarmee saamgaan. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Oom Dirk sukkel om met Greg gepraat te kry, verloor sy humeur en vloek, | want Greg gee hom nie kans om hom te vertel dat sy pa in die ICU lê weens ’n meswond nie.<br>Greg vra homself af hoekom hy nie maar net vir die Baker geluister het en die saak heeltemal uitgelos het nie. Greg voel weer skuldig. |
| • | Oom Dirk is bekommerd oor Plank en vloek weer, | want hulle weet nou dat Plank in die Baker se hande is. |
| • | Tydens die gewelddadige ontmoeting tussen Greg en die Baker se groepe voel die Baker in beheer, | want hy weet dat Greg vergiftig is en dat hy die ander gaan doodmaak sodat sy kriminele projek kan voortgaan. |
| • | Xander praat uitdagend en sarkasties met die Baker al is hulle lewens in gevaar, | want hy vertel vir die Baker dat sy al sy data outomaties aan die owerhede gestuur gaan word.<br>Ten spyte van die gevaarlike situasie, geniet Greg dit om weer te sien hoe Xander “operate” en Greg voel dat dit alles die moeite werd was. |
| • | Xander skiet die Baker dood, | want hy het ’n versteekte pistool gehad en dit was onverwags.<br>Greg voel tam, want hy besef dit is die einde. |
| • | Plank word doodgeskiet, | want Valkyrie het uit wraak op hulle almal geskiet.<br>Greg onthou hom as die beste pel wat moes boet vir die Baker se dood. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **[25]** |

**OF**

**VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG**

***Donker web* – Fanie Viljoen**

| | | PUNT | *Barrett* |
|---|---|---|---|
| 11.1.1 | Na Stellenbosch / die universiteit ✓<br>Recovery ✓ | 2 | *V1/3* |
| 11.1.2 | Dit word gebruik om ’n bedryfsisteem te herstel ná ’n rekenaarstaking of die korrupsie of skrapping van data. ✓ | 1 | *V2* |
| 11.1.3 | skrapping van data ✓ | 1 | *V2* |
| 11.2.1 | <h1>Skree</h1> ✓<br>[Die koderingstekens MOET ook gegee word.] | 1 | *V2* |
| 11.2.2 | Dat iemand gaan skree / moet skree / geskree het / ontsteld is. ✓ | 1 | *V3* |
| 11.2.3 | Die skree/onsteltenis in die opskrif word veroorsaak deur die dood van een van die vyf. ✓ | 1 | *V4* |
| 11.3.1 | verbasing/ongeloof ✓ | 1 | *V3* |
| 11.3.2 | Greg is **vergiftig** ✓ (deur ’n gedokterde pet / deur die Baker) en **Plank** het hom met die teenmiddel **ingespuit**. ✓ | 2 | *V3* |
| 11.4 | (Oom) Dirk, Xander, Plank, Ayla , Greg ✓ ✓ ✓<br>[Enige DRIE]<br>[Spelling tel indien daar geen spellingkonsessie is nie.] | 3 | *V1* |
| 11.5 | Spanning ✓<br>Om die leser se aandag te behou / nuuskierig te maak / aan te moedig om uit te vind wie dood is. ✓ | 2 | *V4* |
| 11.6 | Xander het Greg beveel om ’n “transponder” in sy hand te spuit en ’n foto daarvan as bewys te stuur. ✓<br>Greg het ’n foto laat dokter om Xander te flous. ✓<br>Greg moet die “transponder” inspuit as hy Xander se hulp met die soektog na die Baker wil hê. ✓ | 3 | *V1/3* |
| 11.7 | Kort, bondige sinne ✓ | 1 | *V3* |
| 11.8 | Hy is bang die Baker wil hom doodmaak. / Hy het Xander se hulp nodig, maar vertrou Xander glad nie. ✓ | 1 | *V3* |
| 11.9 | Plank het die “transponder” in sy eie hand ingespuit. ✓<br>“cyborg” ✓ | 2 | *V2* |
| 11.10 | Leerder se eie opinie, byvoorbeeld:<br>Bv.<br>Ontsteld. ✓ Nee, want Plank was Greg se enigste, ware vriend en het nie verdien om dood te gaan nie. ✓<br>Tevrede. ✓ Ja, want dit maak die storie meer intens omdat ’ karakter waarvan ek hou gesterf het. ✓ | 2 | *V4* |
| 11.11 | Leerder se eie opinie, byvoorbeeld:<br>Bv. Ek sou dat Greg se storie in die koerant klaar geskryf word en daarin vertel hoe ’n held Plank was. ✓<br>[Die storielyn MOET verander.] | 1 | *V5* |
| | | | **[25]** |

## VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL

***Onderwêreld* – Fanie Viljoen**

Gebruik die rubriek op bladsy 39 vir die nasien van VRAAG 12.

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinvolle/ insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| Die mens is die produk van sy omstandighede. Bespreek in ’n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die milieu in sy ouerhuis én by Lawson Kollege Greg beïnvloed. | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| • | Geld en status is vir Greg belangrik, | want geld speel ’n belangrike rol in Greg se ouerhuis / hy kry geld in ruil vir liefde/aandag. |
| • | John se selfmoord het ’n negatiewe invloed op Greg, | want dit vervreem hom van sy pa. / laat hom besef dat sy pa net op prestasie ingestel is. / laat hom dink prestasie is vir sy pa belangriker as ’n gelukkige kind. |
| • | Greg is emosioneel afgestomp / hy wys selde emosie, | want in Greg se ouerhuis is daar nie plek vir emosies nie / bepaal geld en koue feite sukses. / Met John se begrafnis mag Greg nie huil nie omdat sy pa hom verbied het om te huil. |
| • | Greg wil nie soos sy pa wees nie, | want in Greg se ouerhuis sien hy sy pa se voorbeeld van beheptheid met geld en sukses en wat dit veroorsaak. |
| • | Greg is op die oog af onderdanig, maar heimlik opstandig, | want in Greg se ouerhuis het hy nie die vryheid om sy eie mening te lug / of te redeneer oor belangrike goed waarmee hy nie saamstem nie. / In sy huis geld ’n patriargale stelsel en sy pa se gesag mag nie uitgedaag word nie. / Greg word tot gehoorsaamheid gedwing, al wil hy nie doen wat sy pa van hom verwag nie. |
| • | Greg se ma koester buitengewone hoop en verwagtinge van Greg, | want sy is hartseer oor John / ongelukkig in die huwelik en wy al haar aandag aan Greg. |
| • | In alles wat Greg doen, probeer hy sy ma tevrede stel en nie bydra tot haar ongelukkige situasie nie, | want hy wil nie sy ma teleurstel nie omdat sy soveel hoop vir hom het. |
| • | Greg vind plesier in oppervlakkige goed soos sy meisie se aandag en partytjies, | want Greg se ouerhuis staan in ’n baie gegoede, gesofistikeerde, maar oppervlakkige rykmansbuurt. / Sandhurst in Johannesburg-Noord. |
| • | Greg is heimlik in opstand teen sy pa, | want Lawson Kollege is ’n eksklusiewe skool waar seuns soos hul pa’s moet wees. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Greg se verset teen reëls en tradisie versterk, | want die koshuise by Lawson Kollege is vernoem na wêreldberoemde baanbrekers wat suggereer dat leerlinge by daardie skool in hulle voetspore moet volg. |
| • | By Lawson Kollege geld bepaalde reëls, tradisies, rituele wat goed gevestig is, maar Greg beskou dit nie as ’n voorreg nie, | want hy verwys disrespekvol na die stigter. / Hy praat van hulle pa’s se geld wat geërf, verdien of gesteel is. / Hy verwys na sakeleiers se korrupsie. / Hy beskou die plek as iets onmensliks wat van kinders klone van hulle pa’s maak. |
| • | By Lawson Kollege raak Greg ontvanklik vir verkeerde goed. / die ontsnapping na ’n ander wêreld, | want Greg wil nie eintlik daar wees nie. |
| • | Die onderwêreld is so aanloklik vir Greg, | want die koshuise getuig van weelde en luuksheid en daar is soveel luukshede dat dit vervelig raak. |
| • | Greg verset hom daarom openlik teen gesag en weier om die wedstryd te speel, | want by Lawson Kollege is rugby ’n baie belangrike sport en om vir die eerste span te speel, plaas jou in ’n eksklusiewe groep waarvan Greg nie meer deel wil wees nie. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **[25]** |

## VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

### *Onderwêreld* – Fanie Viljoen

| | | PUNT | *Barrett* |
|---|---|---|---|
| 13.1 | Lawson Kollege ✓ | 1 | *V1* |
| 13.2 | “Ek kon dit sommer ruik” ✓ | 1 | *V3* |
| 13.3 | Dit is rekenaartaal/kodering. ✓ | 1 | *V3* |
| 13.4 | Verbasing. ✓ Dis ongewoon on ’n nuwe leerder in veral graad 12 te sien. ✓ | 2 | *V2/4* |
| 13.5 | Dat die nuwe seun se pa iemand bekend / belangrik / hoog op / baie ryk / invloedryk wat aan die skool verbonde is, ken, ✓ Later leer ons dat sy pa se konneksies regtig uit ’n ander wêreld is – die Donker web. ✓ | 2 | *V3* |
| 13.6 | Eckardt voel nie geïntimideerd nie, want hy kyk Greg stip in die oë. / want Eckardt draai om en loop weg terwyl Greg praat. / want Eckardt praat uitdagend terug. ✓ | 1 | *V3* |
| 13.7 | Greg besef later dat Eckardt met opset Lawson Kollege bygewoon het om moeilikheid te maak ✓, want Eckardt het hom bedrieg, sodat Greg se pa in die tronk beland. / want Echardt wou hom en sy gesin vernietig. ✓ | 2 | *V4* |
| 13.8 | Hardegat word sagtegat verwys na Greg se meerderwaardige posisie by die skool wat verander nadat sy vriende hom ’n “loser” noem. / verwys na Greg wat verander van ’n matriekseun wat graadagts verneder na iemand wat deur sy eie vriend verneder word. ✓ | 1 | *V4* |
| 13.9 | Dok Pienaar se persoonlike assistent/sekretaresse/ kantoordame. ✓ | 1 | *V1* |
| 13.10.1 | Ekk-o ✓<br>Xander ✓<br>[Nie Eckardt nie]<br>[Spelling moet min of meer korrek wees.] | 2 | *V1* |
| 13.10.2 | Greg wil die program op Dok Pienaar se rekenaar laai ✓om Dok Pienaar dop te hou / uit te vind of Dok Pienaar by Nursery Rhyme Project betrokke is. ✓ | 2 | *V3* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13.11 | Dit is die manier waarop iemand 'n persoon (telefonies) oortuig om om hul eie of iemand anders se persoonlike inligting / wagwoorde vir jou te gee. ✓<br>Greg bel na Dok Pienaar se kantoor / Joan / die sekretaresse en maak of hy 'n afspraak wil maak, net om te probeer uitvind wanneer Dok Pienaar in sy kantoor sal terug wees. ✓<br>Sonder dat sy weet, gee Joan die tye van Dok se terugkoms aan Greg en so kry Greg inligting wat Joan nie gewoonlik uitgee nie. ✓<br>Sonder dat Greg weet, het Eckardt Greg bevriend om nader aan hom en sy pa te kom, Greg deel persoonlike inligting met Eckardt wat hy teen Greg gebruik. ✓ | 4 | *V2/V3* |
| 13.12 | Eckardt se pa is omgekoop om die Nursery Rhyme Project-lede se sake te beskerm omdat hy 'n regter was. / Die Butcher het Eckardt se pa vermoor omdat hy nie meer met die Projek wou saamwerk nie. ✓ | 1 | *V2* |
| 13.13 | Ja, want Greg se pa en Dok Pienaar se kriminele dade is ontbloot ✓ en Dok Pienaar (en moontlik Greg se pa) is gearresteer. ✓ | 2 | *V4/5* |
| 13.14 | Greg weet dat dit onmoontlik ✓sal wees om ongesiens fisies by Dok Pienaar se kantoor in te kom, maar soos Eckardt opgemerk het, zero's en one's / rekenaartaal het dit moontlik gemaak om virtueel by die kantoor in te breek. ✓ | 2 | *V3* |
| | | | **[25]** |

## VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL

***Branderjaer* – Joha van Dyk**

Gebruik die rubriek op bladsy 39 vir die nasien van VRAAG 14.

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinvolle/ insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| Bespreek in ’n opstel van 400 tot 450 die simboliek wat op die voor- en agterblad van die roman uitgebeeld word en hoe dit op die Branderjaers van toepassing is. | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| • | In Louw se handelinge is dit duidelik dat die see krag simboliseer en ook kontras uitbeeld; die see gee kalmte aan die een kant, maar kan jou aan die ander kant wegsleur en vernietig. | Want Louw is op sy gelukkigste as hy in die water kan wees, maar hy verstaan ook die krag van die see omdat Jak jare gelede amper voor hom verdrink het. |
| • | Die see is ook ’n simbool vir geheimenisse, | want Louw en die ander seuns op die boot het die waarheid van wat regtig op daardie dag met Frederik se verdrinking gebeur het, weggesteek. |
| • | Die golwe simboliseer verandering en iets wat nooit ophou nie, | want Louw is rustig as hy by Deirdre is, maar ervaar diepe spanning wanneer hy in Brandwater moet gaan veg. |
| • | Water is die simbool van lewe en nuutwording wat op reinheid / die wegwas van sonde / lewe / groei / beskerming / heelmaking dui, | want die Jaers gaan water toe om heel te word. / want die Jaers is ná ’n dag se branderplankry baie rustiger. |
| • | Die branderplank is simbolies van branderplankryers se droom: om vry te wees, | want die Jaers se hoofdoel is om te kyk hoe lank hulle fisiese uitdagings kan volhou. / want die Jaers doen hulle eie ding en word nie deur mense se menings platgedruk nie. / die Jaers is waaghalse in al hulle gevaarlike aktiwiteite waarvoor hulle so bekend is. |
| • | Die branderplank se vryheid het egter ook ’n negatiewe aspek, | want te veel vryheid het die Jaers in die moeilike situasie waarin hulle nou is, geplaas. Niemand weet wat hulle in Brandwater doen nie en kan hulle dus nie help of raad gee nie. / want die waaghalsige aktiwiteite kan permanente skade aan die Jaers doen, beide fisies (van kranse afspring) en emosioneel (die gevegte). |

| | | |
|---|---|---|
| • | Die donker wolke met die oranje randjie en die lug op die agterblad is ’n teken van ’n storm wat inbeweeg soos die son ondergaan, | want die Jaers se siellose gevegte vind in die aand plaas, soms ná hulle ’n dag in die son en water spandeer het. |
| • | Die son se blou ligstrale verdwyn vinnig en die oorbly van die oranje-rooi horison, simboliseer kalmte wat verdwyn en gevaar wat ooheers, | want tydens ’n geveg baklei die Jaers naarstigtelik vir die dag wat hulle van hulle bloedskandeskuld vrygelaat word. / want die Jaers moet tydens die gevegte konsentreer op die teenstander en om buite gevaar te bly, en dan kan hulle nie aan die see en branders dink nie. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **[25]** |

**OF**

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

***Branderjaer* – Joha van Dyk**

| | | PUNT | *Barrett* |
|---|---|---|---|
| 15.1 | ’n **Boks**geveg ✓ | 1 | *V1* |
| 15.2 | Bitter / Bittereinder ✓ | 1 | *V1* |
| 15.3 | Louw se teenstander op daardie oomblik. ✓ Sy bynaam beskryf sy karakter, dat hy sterk, gevaarlik, wreed is. ✓ | 2 | *V2* |
| 15.4.1 | Die Kringmakers bring gaste om weddenskappe op die gevegte te maak / hulle is ryk met sakke vol geld / maak geld uit die gevegte terwyl die Rotte in beheer van die gevegte is / bendelede in Breekwater is. ✓<br>[Beide verduidelikings vir EEN punt] | 1 | *V2* |
| 15.4.2 | Die gaste is nie bekommerd nie omdat hulle **veronderstel is om te wen**, wat beteken dat hulle geld gaan maak. ✓ Hulle is seker daarvan, want daar is vir Louw laat weet dat **hy vanaand** met opset **moet verloor** om die gaste te laat wen. ✓ | 2 | *V2/3* |
| 15.5 | Die vegters se afrigter. ✓ Boss kan nie vertrou word nie, want hy besluit soms om die bevele wat hy aan die vegters moet gee, te ignoreer. ✓ | 2 | *V2/3* |
| 15.6 | Neweteks in ’n drama gee soms die instruksies wat die karakters moet doen of hoe om te beweeg. ✓ Louw is beveel om die geveg te verloor en sy aksies word deur iemand anders voorgesê. ✓ | 2 | *V4* |
| 15.7.1 | Implisiete karakterisering / karakterisering deur middel van iemand anders se **gedagtes**. ✓ | 1 | *V1* |
| 15.7.2 | Ben is nie bang nie / gee nooit op nie. ✓<br>Jak is intelligent/rats. ✓ | 2 | *V3* |
| 15.8 | Anker ✓ Hy het verdrink. ✓ | 2 | *V1* |
| 15.9 | Die eerste deel is wat nou in die hede gebeur en dan verander die skrif om aan te toon dat iemand ’n geberutenis uit die verlede herroep/onthou. ✓ | 1 | *V3* |
| 15.10.1 | Die anker sit vas en veroorsaak dat die boot weens die golwe gaan kantel / seuns gaan uitval. ✓ | 1 | *V1* |
| 15.10.2 | Louw wil nie die anker lossny en dit offer om self gered te word nie, daarom is dit ironies dat die seun wie se van Anker is, hulle op die ou end red en sy lewe in die see verloor / sy lewe lossny. ✓ | 1 | *V3* |
| 15.11 | Hy is geskok en bang om die anker af te sny. / Hy wil nie die anker se tou afsny nie. ✓<br>*Ons kan nie! Ek ... my pa-* ✓ | 2 | *V3* |
| 15.12 | Dit is onwaar omrede Frederik se ma oorskietverf vir die spreker se ma gegee het. / omrede die spreker se pa ’n arm visserman is en Frederik soms by sy pa vis gekoop het. ✓ | 1 | *V3/4* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 15.13 | Frederik dink aan Louw se familie wat arm is en dit nie kan bekostig om die anker te verloor nie. / dink aan Louw se pa wat nors/kwaai is en dat Louw moeilikheid by sy pa sal kry as die anker gelos word. ✓ | 1 | *V3* |
| 15.14 | Leerder se eie repons<br>Ja, want Louw weet hy het die boot sonder sy pa se toestemming geneem ✓ en hy wil seker maak dat sy pa se boot (anker) sonder skade teruggeneem word. ✓<br>OF<br>Nee, Louw voel nie respek nie, maar vrees sy pa se reaksie ✓, want sy lyf ruk as hy net daaraan dink dat die anker verlore sal gaan / want die blou kolle op sy arm wys wat sy pa kan doen. ✓ | 2 | *V4/5* |
| | | | **[25]** |
| | | | **TOTAAL AFDELING B: 25** |

**OF**

# AFDELING C: DRAMA

## VRAAG 16: LITERÊRE OPSTEL

***Mis* – Reza de Wet**

Gebruik die rubriek op bladsy 39 vir die nasien van VRAAG 16.

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/ sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| Miem en Gertie word dikwels as baie konserwatief beskou, tog beeld hulle religieuse skynheiligheid uit. | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| • | Miem is ’n bewaker van ’n enge religieuse kultuur, | want sy verbied Meisie om die sirkus te besoek, want dit is boos / want sy glo nie aan fortuinvertellery nie. |
| • | Miem is nie opreg godsdienstelik / eng nie, | want sy probeer Meisie aan die Konstabel afsmeer. / want sy wys vir Konstabel daarop dat haar heupe breed is en dus kinders sal kan baar. |
| • | Miem tree heeltemal onvanpas op vir iemand wat regtig eng is, | want sy praat ook met ’n man, Konstabel, oor ’n borstrok. |
| • | Miem se skynheiligheid kom ook na vore wanneer sy gretig uitvra oor die sirkus, | want sy gee voor dat sy niks van die sirkus wil weet nie. |
| • | Miem wat so kuis is, sit met seksuele frustrasies, | want sy erken aan die konstabel, wat wildvreemd is, dat daar “gevoelens” by haar aangewakker word deur sy teenwoordigheid. |
| • | ‘n Mens sien Miem aanvanklik as die beskermer van haar dogter, | maar eintlik is sy dominerend en hou Meisie gevange in haar eie huis. |
| • | Miem is ’n sterk vrou en sou Gabriël a.g.v. sy onttrekking as ’n swakkeling beskou, | maar dit is egter teen haar godsdiens/geloof om haar man in ’n negatiewe lig te beskou / om iemand toe te laat om sleg van haar man te praat of dink. |
| • | Miem sê sy dra Meisie se belange op die hart, maar haar redes om Meisie getroud te kry, is selfsugtig, | want as Meisie trou sal Gabriël afkom en sal sy hom weer sien. |
| • | Gertie is nie eerlik nie, | want haar beheptheid met LO en fisieke gesondheid en vars lug is slegs ’n skans. |
| • | Gertie kom voor as erg konserwatief, maar in werklikheid is sy ’n onderdrukte en seksueel gefrustreerde vrou, | want sy flankeer met Konstabel en stel seksueel in hom belang. |
| • | Gertie toon in ’n stadium ’n totale ander persoon as verwag, | want sy laat toe dat Konstabel haar in ’n seksueel-gemotiveerde fantasiespel intrek. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Gertie gee voor om die sirkus te haat, maar tog gaan sy na die sirkus kyk, | want sy vertel opgewonde van al die fratse wat sy gesien het. |
| • | Gertie se gunsies aan die konstabel is nie opreg nie, | want sy probeer hierdeur die konstabel as man vang. |
| • | Gertie wil eintlik net alleen met Konstabel wees, | want sy stuur Miem en Meisie bed toe / roep Meisie en Konstabel in die huis in, onder die dekmantel dat Meisie sal siek word in die aandlug. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **[25]** |

**OF**

## VRAAG 17: KONTEKSTUELE VRAAG

### *Mis* – Reza de Wet

| | | PUNT | Barrett |
|---|---|---|---|
| 17.1 | Die slopemmer ✓<br><br>Haar pa sit al vir jare in die solder en sy moet haar afsloof om hom te versorg. / ✓<br>Sy het nie vriende nie, want sy skaam haar vir hom. / ✓<br>Sy het nie 'n pa wat haar teen Konstabel / daardie nag sou kon beskerm nie. ✓<br>[Enige TWEE] | 1<br><br>2 | *V1/2* |
| 17.2 | jy ✓ | 1 | *V4* |
| 17.3 | Sy wil nie verkeerde goed doen / haar ma weer ontstel nie , ✓ want dan raak haar ma weer siek. ✓ | 2 | *V3* |
| 17.4 | Dit is geslaagd, want dit herinner die leser voortdurend aan die bonatuurlike / eksotiese / Meisie se verlange na vryheid / die teenwoordigheid van die gevaar. ✓<br><br>Telkens wanneer Meisie die sirkusmusiek hoor, raak sy vreesbevange, want sy is bang sy gee toe aan die gevaar. / Telkens wanneer Meisie die musiek hoor, kyk sy verlangend na die liggies van die sirkus wat vir haar so eksoties is. / Wanneer Meisie na die sirkus wil gaan / daaroor wil praat, belet Miem haar en raak sy bewus van haar verlange na vryheid. ✓✓<br>[Die kandidaat bied enige TWEE bewyse vir EEN punt ELK aan.] | 3 | *V3/4* |
| 17.5 | Miem het 'n knellende houvas op Meisie en daarom smag sy na vryheid buite die huis. / wil sy vry wees. ✓<br><br>Dit is geregverdig, want in ons eie tyd is daar steeds baie mense wat van hul huise wegloop in 'n poging om vryheid te bekom. ✓ | 2 | *V3/5* |
| 17.6 | As Meisie en Konstabel trou, sal Gabriël afkom ✓ en dan sal hy in Miem se behoeftes kan voorsien. ✓ | 2 | *V4* |
| 17.7 | Hulle is arm / leef armoedig / afgesonderd. ✓<br>Ná die Depressie het hulle uitgeboer / alles verloor / Gabriël in die solder gaan wegkruip. ✓ | 2 | *V1/2* |
| 17.8 | Ja. Sy wil nie hê Gabriël moet hoor nie / wil nie die indruk skep dat sy nuuskierig is nie. ✓<br>[NEE is nie 'n opsie nie] | 1 | *V3* |
| 17.9 | Sy wil weet hoe dit met Gabriël gaan / weet of iets aan die situasie met Gabriël al verander het. ✓<br>Miem weet nie eintlik nie / het geen interaksie / kommunikasie met Gabriël nie / suggereer dat niks verander het nie. ✓ | 2 | *V2* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 17.10 | Dis 31 Augustus 1936 ✓ (volle datum)<br>Gertie is nie jonk nie / is ’n oujongnooi. / Die meisies wat verdwyn, is almal jonk terwyl Gertie middeljarig is. ✓<br>Sy is (soos Sannie Koen en Rienie Pieterse) ook ontevrede met haar omstandighede / wil graag bevry word. ✓ | 3 | *V2/3* |
| 17.11 | Ten spyte van haar onrus laat sy ’n onbekende man / vreemdeling in die huis toe. / ✓<br>Sy smeer vir Meisie aan die vreemde Konstabel af. / ✓<br>Sy laat toe dat Meisie en die Konstabel buite onder die boom staan en gesels. / ✓<br>Sy stuur vir Meisie en Konstabel buitentoe waar dit donker is. / ✓<br>Sy is nie ingestel op die bedrog van die Konstabel nie. / kyk sy valsheid mis. / ✓<br>Sy en Gertie gaan slaap houtgerus. ✓<br>[Die kandidaat bied enige TWEE bewyse aan vir EEN punt elk.] | 2 | *V2* |
| 17.12 | Hy kom hulle nie beskerm nie – hy is juis die gevaar. / ✓<br>Juis omdat hulle so afgesonderd bly, is hulle ’n maklike prooi / sagte teiken. / ✓<br>Hy is beslis nie gestuur nie – hy het hulle uitgekies. ✓<br>[Die kandidaat moet albei kante van die ironie vir EEN punt aanbied.] | 1 | *V3* |
| 17.13 | Dit beklemtoon die onheil wat steeds buite dreig. / ✓<br>Dit bevestig die teenwoordigheid van gevaar/onheil buite. / ✓<br>Dit skep die illusie dat die gevaar buite die huis dreig. / ✓<br>Dit is die oomblik waar die wiele aan die rol gesit word vir die tragedie / die einde. ✓ | 1 | *V4* |
| | | | **[25]** |

## VRAAG 18: LITERÊRE OPSTEL

***Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**

Gebruik die rubriek op bladsy 39 vir die nasien van VRAAG 18.

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinvolle /insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| Map Jacobs en Cavernelis is in die drama, *Krismis van Map Jacobs*, gevangenes van hulle omstandighede. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde. | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| MAP | | |
| • | Op die Kaapse Vlakte kry Map nie werk nie, | want al die werk word vir wit mense gereserveer; hy kan nie sy omstandighede verbeter nie. |
| • | Map is arm en kan nie elders ’n heenkome gaan soek nie, hy kan nie sy omstandighede ontsnap nie, | want die omstandighede op die Kaapse Vlakte word gekenmerk deur armoede en hopeloosheid. |
| • | Map raak by bendes betrokke, | want hy wil iewers behoort en as gevolg van die negatiewe atmosfeer in die township ervaar hy identiteitloosheid / want ’n bende is ’n plek waar Map aanvaar word. |
| • | Map word vasgevang in die ysterkloue van misdaad wat hom beslis nie bevry nie, | want dit lei tot sy arrestasie en hy word letterlik tronk toe gestuur. |
| • | Map is in ’n doodloopstraat vasgevang, | want hy kan slegs ’n bode word omdat alle ander werk vir wit mense gereserveer word. |
| • | Map is vasgevang in ’n siklus waaruit hy nie kan loskom nie, | want sy sosio-ekonomiese omstandighede maak van hom ’n gevangene / iemand wat nie geld het om die plek en omstandighede waarin hy is, te verander nie. |
| • | Map se lewe is vasgevang in die stigma/reputasie as ’n bendeleier en moordenaar, | want sy sussie word doodgemaak en sy ma is stom as gevolg van verkragting. |
| • | Ná sy vrylating is Map steeds in ’n figuurlike tronk, | want die gemeenskap het hom nog nie vergewe vir sy dade nie / hy word plek in die orkes geweier / sy reputasie veroorsaak dat mense hom beskinder/vrees/vermy. |
| • | Map se werksgeleenthede verbeter nie nadat hy op parool vrygelaat is nie, | want sy reputasie as misdadiger veroorsaak dat werkgewers nie gemaklik is om hom as werker aan te stel nie. |
| CAVERNELIS | | |
| • | Die misdaad op die Kaapse Vlakte is ’n realiteit wat van Cavernelis (en sy gesin) gevangenes van hulle omstandighede maak, | want hy hou sy woonstel alles agter slot en grendel. / Selfs die fiets moet voor sy woonstel vasgeketting word. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Cavernelis aanvaar nie sy sosio-ekonomiese omstandighede gelate nie, | want sy begeerte na ’n beter heenkome dryf hom om harder te werk / ekstra werk te doen. |
| • | Cavernelis erken teenoor La Guma dat hulle in die township vasgevang is, | want in die township leef hulle in armoede en kan nie daaruit ontsnap nie. |
| • | Hy offer sy dogter op in die hoop dat dit genoeg geld sal bring om vir hulle vryheid buite die woongebied kan koop, | want in Cavernelis se omstandighede van uitsigloosheid / minderwaardige werk / armoede word sy allesoorheersende droom om weg te kom. |
| • | Vir Cavernelis kom daar nooit die vreugde van vryheid / ’n ander soort lewe nie, | want hy besef sy skuld aan Blanchie se uitbuiting en pleeg selfmoord. |
| • | Sy begeerte om weg te kom isoleer hom van die ander inwoners op die Kaapse Vlakte, | want die gemeenskap waarbinne Cavernelis leef en werk het nie waardering vir sy strewe na beter nie / het nie waardering vir sy voortdurende werk nie. |
| • | Hy het nie vriende nie / slegs mense wat hom bespot, | want hulle voel dat hy dink hy is beter as die ander inwoners. |
| • | Hy bekom vryheid op ’n vreemde manier, | want hy ontsnap sy figuurlike tronk deur selfmoord te pleeg. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **[25]** |

**OF**

## VRAAG 19: KONTEKSTUELE VRAAG

***Krismis van Map Jacobs*** **– Adam Small**

| | | PUNT | *Barrett* |
|---|---|---|---|
| 19.1 | Die tronk (waarin Map is) ✓ | 1 | *V1* |
| 19.2 | Sy ma ken hom nie as Map nie. / Hy het die naam Map in die tronk gekry. / Map is sy tronknaam. ✓ | 1 | *V2* |
| 19.3 | Sy praat reeds vanaf die verkragting en moord op haar dogter / Klein Meisie nie meer nie. ✓ Sy moet Map vergewe vir die dood van haar dogter waarin hy 'n aandeel gehad het. ✓ | 2 | *V1* |
| 19.4 | Leerder se eie respons<br>Blanchie is lief vir Map en wil hom nie in die tronk sien nie. ✓<br>Dit is aanvaarbaar, want om iemand in so 'n toestand te sien is moeilik. ✓<br>Dit is nie aanvaarbaar nie, want as 'n mens iemand liefhet, ondersteun jy die persoon ten spyte van hoe jy voel. ✓<br>**OF**<br>Blanchie neem Map kwalik vir wat hy gedoen het en wil nie meer met hom praat nie. ✓<br>Dit is aanvaarbaar, want wat Map gedoen het was onvergeeflik en hy kan nie weer vertrou word nie. ✓/<br>Dit is nie aanvaarbaar nie, want Map het opregte berou en het tot bekering gekom. ✓<br>**OF**<br>Blanchie werk elke Sondag / besoektyd vir Lonely Hearts om geld te maak / vir modelwerk gestuur te word. ✓<br>Dit is aanvaarbaar, want sy help haar pa om hulle uit die armoedige township te kry en sy verloor geld as sy die tyd neem om Map in die tronk te besoek. ✓ /<br>Dit is nie aanvaarbaar nie, want die werk wat Blanchie doen is verkeerd en Map het die reg om te weet waarom sy wegbly. ✓<br>**OF**<br>Blanchie voel so skuldig oor die tipe werk wat sy doen dat sy Map nie in die oë kan kyk nie.<br>Dit is aanvaarbaar, want sy weet haar tipe werk is verkeerd en dat Map dit nie sal verstaan nie. ✓/<br>Dit is nie aanvaarbaar nie, want Map weet nie daarvan nie / verstaan nie hoekom sy nie meer gaan kuier nie en sy bedrieg hom. ✓<br>[Enige EEN of soortgelyk] | 2 | *V3/4* |
| 19.5.1 | Dit beeld uit hoe die karakter / Antie Grootmeisie op Map se woorde reageer. ✓ | 1 | *V3* |
| 19.5.2 | Antie Grootmeisie kyk lewendig op. / Sy knik opgewonde. ✓<br>Dit suggereer dat die eerste deel van die gesprek/kuier vir haar neerslagtig/oninteressant/leweloos gevoel het. ✓ | 2 | *V3/4* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 19.6.1 | Miss Africa werk met Map se paroolreëlings / organiseer vir hom werk wanneer hy vrygelaat word. ✓<br>Apostel George stel Map aan die Here bekend en lei hom na Jesus / om ’n beter persoon te wees. ✓ | 2 | *V2* |
| 19.6.2 | Albei voel dat Map slegs die verlede agter hom kan sit as hy met iemand wat hom liefhet praat oor wat met sy sussie gebeur het. ✓ | 1 | *V1* |
| 19.7 | Dit is amper Kersfees en annermaand kan beteken dat Map se vrylating vir hom soos ’n Kersgeskenk sal wees / uiteindelik sal hy tydens Kersfees by sy familie kan wees. ✓ | 1 | *V3* |
| 19.8 | In Teks A beklemtoon die ellips Map se onsekerheid/ huiwering/ versigtigheid om daardie woorde te uiter. ✓<br>In Teks B wys die ellips dat Blanchie ophou praat omdat sy huil. ✓ | 2 | *V3* |
| 19.9.1 | sterk leierseienskap ✓ | 1 | *V3* |
| 19.9.2 | Map was die leier van die bende ✓ en hy is verantwoordelik gehou vir wat met sy suster gebeur het. / sy toestemming aan sy bendelede het tot sy suster se dood gelei. ✓ | 2 | *V3* |
| 19.10.1 | Hy het voor ’n trein ingeloop ✓en het gesterf. ✓ / Hy het selfmoord ✓ gepleeg deur voor ’n trein in te loop. ✓ | 2 | *V1/2* |
| 19.10.2 | Hy kon nie die wete dat hy sy familie nooit uit die township sal kan red nie, hanteer nie. / Hy het skuldig gevoel omdat hy Blanchie aangespoor het om haar lyf te verkoop vir geld. / Hy het besef dat hy Blanchie verniet aangespoor het om haar lyf te verkoop vir geld, en dat hy bedrieg is. ✓ | 1 | *V4* |
| 19.10.3 | Die tema is dat mense wat in ’n hopelose bestaan vasgevang is, bitter moeilik daaruit kan kom. ✓ Cavernelis het sy bes probeer, hard gewerk / Blanchie se lyf verkoop, maar dit het niks gehelp nie. Niks wat hy kon doen, het sy gesin uit die township gehelp het nie. ✓ | 2 | *V4* |
| 19.11 | Map, wat ’n krimineel was en deur sy eie mense verwerp is, kry uiteindelik hoop in Blanchie se arms / word uiteindelik deur sy ma vergewe. Cavernelis, wat ’n werk en ’n gesin gehad het, verloor uiteindelik hoop en beëindig sy eie lewe. ✓ | 1 | *V3* |
| 19.12 | Leerder se eie respons.<br>Ja, want hy wou net die beste vir sy familie buite die township gehad het. ✓<br>OF<br>Nee, geen rede is goed genoeg om jou eie dogter te offer vir geld nie. ✓ | 1 | *V5* |
| | | | **[25]** |

## VRAAG 20: LITERÊRE OPSTEL

***My Japan* – Schalk Schoombie**

Gebruik die rubriek op bladsy 39 vir die nasien van VRAAG 20.

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/ sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| In ’n opstel van 400 tot 450 woorde, bespreek die karakterisering van Ilse deur middel van die ander karakters se siening van haar en haar eie handeling. | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| Ander karakters se siening | | |
| • | Volgens Juffrou Venter is Ilse ’n buitestander, | want sy is anders as die res van die kinders en word deur die ander leerlinge verwerp. |
| • | Sy blyk meer volwasse te wees, | want sy het al baie trauma deurgegaan tydens haar broer se dood en haar ouers se egskeiding. |
| • | Ilse hou daarvan om mense te skok, | want sy het die onstellende toespraak oor Japan met entoesiasme oorgedra en het slegs ’n beleefde handeklap ontvang. |
| • | Mercia (haar ma) sien Ilse as lui en ongehoorsaam, | want Mercia moet haar altyd smeek om te help met die huistake. |
| • | Mercia dink Ilse is ondankbaar, | want Ilse wil nie die opstel wat Mercia vir haar geskryf het gebruik nie. |
| • | Volgens Mercia is Ilse ’n slim, koppige en morbiede tiener, | want sy sal eerder improviseer as om die toespraak van haar ma te gebruik. |
| • | Lukas is gefassineer deur Ilse, | want haar andersheid is interessant en hy dink sy het ’n *lunatic* verbeelding. |
| • | Lukas en Gerrit het baklei, | want Gerrit het iets oor Ilse gesê en Lukas wou haar beskerm. |
| • | Lidia dink Ilse is onnosel, | want sy noem haar *blikkiesbrein* toe sy nie weet wat Gotham City is nie. |
| • | Ilse stel niks in haar pa se persoonlike lewe belang nie, | want sy luister nie na haar ma se opmerkings oor haar pa se swanger meisie nie en knik net afgetrokke / hou net aan skryf. |
| • | Ilse is versorgend, | want sy kyk na Elzette se gesnyde arm en bied aan om na haar te luister as sy wou praat. / want sy is ontsteld oor die kinders se houding teenoor Elzette aangaande haar opname in die Grootvlei Inrigting. |
| • | Ilse is vindingryk, | want sy vertel vir die L-bende dat Elzette ’n voedoevloek oor hulle gaan uitspreek as hulle haar nie uitlos nie. |
| • | Sy vee elke keer haar spookstories wat sy skryf, uit, | want dit laat haar aan Danie se dood wat sy nog nie verwerk het nie, dink. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Ilse hou daarvan om mense te skok, | want sy dreig die L-Bende met voedoe-poppies en ’n voedoespel wat oor hulle uitgespreek gaan word. |
| • | Ilse beleef ’n emosionele ontwaking, | want sy laat toe dat Lukas haar soen en sy lyk of ’n weerligstraal haar getref het. |
| • | Ilse is baie dramaties en emosioneel, | want sy word flou tydens haar toespraak oor die tsoenami asof sy dit self beleef het. |
| • | Ilse is nie hulpvaardig nie, | want sy help nie haar ma met enige huistake nie / wasgoed was nie en lê/slaap/dagdroom die meeste van die tyd. |
| • | Ilse ondergaan karaktergroei, | want aan die einde omhels sy haar ma wat wys dat hulle vrede gemaak het. / want sy trek haar kimono uit wat wys dat sy nie meer in haar verbeeldingswêreld wil wegkruip nie |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **[25]** |

**OF**

## VRAAG 21: KONTEKSTUELE VRAAG

### *My Japan* – Schalk Schoombie

| | | PUNT | Barrett |
|---|---|---|---|
| 21.1 | Eksposisie, want die gehoor leer Mercia, Ilse en Danie ken. / want die gehoor word blootgestel aan die antagonis en protagonis. / want die gehoor word ingelig oor die newekarakters. ✓<br>[Die fase en motivering vir EEN punt]<br>[Indien die fase foutief aangedui is, word die motivering automaties verkeerd gemerk.] | 1 | *V2* |
| 21.2 | Danie is Ilse se broer / Mercia se seun. ✓ Ilse was verantwoordelik om daardie middag na Danie te kyk, sy voel skuldig omdat sy nie na hom gekyk het nie en hy verdrink het. ✓ | 2 | *V1/3* |
| 21.3 | Toneel 1: Mercia hang wasgoed op en soek na Danie. ✓<br>Dit is die uitbeelding van die gebeure voor Danie weggeraak en verdrink het. ✓<br>Toneel 2: Ilse slaap en droom. ✓<br>Ilse lê eenkant en slaap, dit kom voor of sy ’n nagmerrie beleef. ✓<br>Toneel 3: Die matrone en suster in die hospitaal ✓<br>Mercia was ná Danie se dood in die hospitaal waar sy verskeie pille gekry het om haar te help. ✓ | 2 | *V2* |
| 21.4 | Dat sy nog nie Danie se dood verwerk het nie. / Dat sy van spookstories hou omdat Danie se dood by haar spook. ✓ | 1 | *V4* |
| 21.5 | Dit skep spanning. ✓ | 1 | *V3* |
| 21.6 | Onrus/gevaar/bedreiging/paniek. ✓<br>“verdwyn” ✓ | 2 | *V2/3* |
| 21.7 | Akashita is ’n gees wat in die vorm van ’n donker wolk verskyn / is die simbool van onheil / raap waterdiewe met sy rooi tong op en hulle word nooit weer gesien nie. ✓ ✓<br>[Enige TWEE]<br>Dit is funksioneel, omdat die verskyning van Akashita die tragiese verdrinking van Danie / water wat Danie opraap voorspel, en Danie word daarna nie weer lewendig gesien nie. ✓ | 3 | *V2* |
| 21.8 | Haar ma, Mercia. ✓Sy wil hê dat Ilse reklamewese moet studeer / dat Ilse ’n kopieskrywer moet word. ✓ | 2 | *V4* |
| 21.9 | In Ilse se gesinslewe is daar bedekte bedoelings in woorde en niemand praat oor wat verkeerd is nie. ✓ | 1 | *V1* |
| 21.10.1 | ’n Westerling is g*aijin,* ’n vreemdeling wat nooit inpas nie. ✓ | 1 | *V4* |
| 21.10.2 | Ilse se gesinslewe is chaoties en sonder reëls/ respek. ✓Sy smag na die streng struktuur en respek waarvan Engela praat. ✓ | 2 | *V2* |

© SACAI KOPIEREG

Blaai asb. om

| | | | |
|---|---|---|---|
| 21.11 | Die verwoestende tsunami in Japan ✓<br>Vrede tussen Ilse en haar ma vloei uit die gebeure rondom die tsunami wat ander mense se lewens verwoes het. ✓ | 2 | *V3/4* |
| 21.12 | Albei tekste is donker / vol storms / winderig. ✓ ✓<br>[Enige TWEE.]<br>Dis ’n uitbeelding van Ilse se skuldgevoel oor Danie se dood. / aggressie en woede teenoor haar ma. / frustrasie met haar ouers. ✓ | 3 | *V4/5* |
| 21.13 | Sy gebruik dit as ontvlugting uit haar ongelukkige omstandighede. ✓<br>Leerder se eie respons<br>Ek dink dat dit ’n goeie manier is om kalmte in jouself te bewerkstellig. / ✓<br>Ek voel dat Ilse van haar probleme weghardloop in plaas daarvan om saam met ’n sielkundige daardeur te werk. ✓ | 2 | *V3/5* |
| | | | **[25]** |
| | | | **TOTAAL AFDELING C: [25]** |

## AFDELING A: GEDIG: OPSTEL [10 PUNTE]

| Inhoud | Uitstekend | Goed | Bo-gemiddeld | Gemiddeld | Ondergemiddeld | Swak | Beroerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 2 | 0 − 1 |
| Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks. | Uitstekende begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite en motiverings is uitsonderlik. | Goeie begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite word goed deur motiverings ondersteun. | Redelike begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite met redelike motiverings gegee. | Gemiddelde bewys van inhoud en strekking van gedig. Enkele feite word met motiverings ondersteun. | Onbevredigende bewys van inhoud en strekking van gedig. Feite word met enkele motiverings ondersteun. | Matige bewys van inhoud en strekking van gedig. Slegs enkele feite maar geen motiverings nie. | Geen bewys van inhoud en strekking van gedig nie. Feite en motiverings verwys nie na gedig nie. |

| Struktuur en taal | Uitstekend/Bo-gemiddeld | Goed | Ondergemiddeld/Swak |
|---|---|---|---|
| | 3 | 2 | 0 − 1 |
| Logiese vloei en aanbieding. Toon- en stylgebruik in opstel. | Uitstekende en samehangende struktuur. Argumente is goed gestruktureer. Taalgebruik, toon en styl is uitstekend. Inleiding en slot vorm ’n afgeronde geheel met die inhoud. | Basiese struktuur en vloei/samehang in opstel. Enkele bewyse van struktuur en geringe taalfoute, toon en styl redelik teenwoordig. Redelike inleiding en slot. | Struktuur toon swak beplanning. Argumente word nie logies gestruktureer nie. Ernstige taalfoute, toon en styl glad nie gepas nie. Geen inleiding en slot nie. |

## AFDELING B EN C: ROMAN EN DRAMA: LITERÊRE OPSTEL [25 PUNTE]

| **Inhoud** | **Uitstekend** | **Goed** | **Bo-gemiddeld** | **Gemiddeld** | **Ondergemid** | **Swak** | **Beroerd** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 14−15 | 12−13 | 10−11 | 8−9 | 6−7 | 4−5 | 0−3 |
| Interpretasie van onderwerp.<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks. | Uitsteken-de begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings uitsonderlik. | Diepgaande begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings goed ondersteun. | Toon goeie begrip van inhoud en strekking van genre.<br>Feite gegee, maar nie almal met motiverings nie. | Redelik begrip van inhoud en strekking van genre. Enkele feite word gemotiveer. | Basiese begrip van inhoud en strekking van genre.<br>Weinig feite met motiverings word gegee. | Onbevredigende begrip van inhoud en strekking van genre.<br>Slegs enkele feite word gegee sonder motiverings. | Geen begrip van inhoud en strekking van genre nie.<br>'n Vae aanpak van genre, geen feite met motiverings wat spesifieke genre staaf nie. |
| **Struktuur en taal** | **Uitstekend** | **Bo-gemiddeld/Goed** | | **Gemiddeld** | **Ondergemiddeld** | | **Swak** |
| | 9−10 | 7−8 | | 5−6 | 3−4 | | 0−2 |
| Logiese vloei en aanbieding.<br>Toon- en stylgebruik in opstel. | Samehang-ende struktuur. Uitstekende inleiding en slot gegee. Taalgebruik, toon en styl pas by genre. | Duidelike struktuur. Inleiding, slot en paragrawe samehangend.<br>Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. | | Goeie bewyse van struktuur met inleiding maar geen slot / geen inleiding, slegs slot. Enkele taalfoute, toon en styl gepas. | Basiese toon van struktuur.<br>Gebrekkige inleiding en slot is gegee.<br>Taalfoute is beduidend en paragrafering is foutief. | | Geen toon van bewyse van struktuur nie.<br>Geen logiese vloei van argumente nie, nie gepas by genre nie.<br>Taalfoute, toon en stylfoute belemmer vloei van argumente. |